# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**JUNIE 2021**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8LSU**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :

| | |
|---|---|
| **Afdeling A:** | |
| Vraag 1: Dagboek | (20) |
| Vraag 2: Nog iemand vir pynappel op pizza | (25) |
| **Afdeling B:** | |
| Vraag 3: Valentynsdag | (25) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***Geniet die vraestel en doen jou bes!!!***

## AFDELING A: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 1: Dagboekinskrywing

<u>INSTRUKSIES:</u>

- Die onderwerp is gebaseer op die kortverhaal : Nog iemand vir pynappel op pizza.
- Jy moet jou skryfstuk beplan.
- Jy moet ‘n eerste poging(beplanning) en ‘n finale poging(stuk) skryf.
- Alle beplanning moet duidelik aangedui word.
- Jou DAGBOEK moet tussen <u>80-100 woorde</u> lank wees.

**DAGBOEKINSKRYWING :**

**Tiaan het onlangs by ‘n nuwe skool begin. Hy voel die kinders is baie “weird”.**

**Skryf ‘n dagboekinskrywing oor twee dae :**



- Tiaan se gevoelens en gedagtes <u>**VOOR**</u> hy na Suzanne se huis toe gegaan het.
- Tiaan se gevoelens en gedagtes <u>**NA**</u> hy by Suzanne se huis was.



**Jy moet die korrekte name en inligting gee. Wees kreatief! [20]**

**TOTAAL Vraag 1: [20 Punte]**

**AFDELING A: LETTERKUNDE**

**VRAAG 2: NOG IEMAND VIR PYNAPPEL OP PIZZA?**

**Tiaan bly op die trappie staan. Miskien moet hy maar die natuurwetenskap boek gaan leen. Hy is nou buite.**

**Hy vroetel in sy skoolbroek se sak vir die stuk papier wat Suzanne ná skool vir hom gegee het. "Dis my adres," het sy gesê, "kom sommer enige tyd vanmiddag of môre".**

**Welgelegenstraat 105. Hy ken nie eens die dorp nie, hoe moet hy weet waar dit is.**

**2.1. Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die letter neer.**

***2.1.1. Tiaan is al vir ________ by sy nuwe skool.***

A. vier dae

B. vier maande

C. vier weke

D. ses weke 1

***2.1.2. Tiaan se ma is ___________ oor hom.***

A. kwaad

B. seergemaak

C. bekommerd

D. ernstig 1

***2.1.2. Die stuk papier met Suzanne se adres het _______ daarop:***

A. Google Maps

B. kaart met pyltjies en straatname

C. 'n lys van die swemgala span

D. die skoolvakke wat hulle doen 1

**2.2.**

**" Oh please, tog nie nòg 'n concerto fan nie!"**

**Tiaan se mond val oop. Riami staan in die deur met die bottel Coke onder haar arm en vier glase op die skinkbord. Dit is toe die meisie aan wie hy gedink het, maar sy lyk ook anders as by die skool. Haar kort hare staan penorent en dis perserig.**



***Riami hou van Coke.***

2.2.1 Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Sê JA of NEE. 1

2.2.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

**2.3. Kies die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer.**

2.3.1. Tiaan dink Suzanne se kamer is (A. netjies / B. deurmekaar / C. georganiseerd). 1

2.3.2. Suzaan se pa is besig om (A. die kamer te verbou / B. boekrakke op te sit). 1

**2.4**

**Suzanne begin saggies neurie saam met die klavierklanke wat van êrens af opklink.**

**Tiaan bly staan met 'n afdroogdoek in sy hand. Dis 'n wysie uit The Lion King.**

**" Wie speel die klavier?" vra hy vir Suzanne." Jou ma?"**





2.4. Watter woord in kolom A **pas** die beste by watter woord in kolom B?
**Kies** die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.4.1.Riami | A. speel die viool |
| 2.4.2. Tiaan | B. is baie slim |
| 2.4.3. Suzaan | C. speel klavier |
| 2.4.4.Richard | D. hou van brei |
| 2.4.5 Niemand | E. speel die kitaar |

5

**2.5. Skryf die storie in die korrekte VOLGORDE neer. Skryf net die nommer en die letter neer.**

A. Die kinders maak pizza in die kombuis.
B. Tiaan storm by sy huis uit.
C. Suzanne wys vir Tiaan haar motorfiets.
D. Riami bring vir almal Coke kamer toe. 4

**" Ag nee, Suzanne," val Richard haar in die rede," tog net nie pynappel nie. Soet goed op 'n pizza- dis uit !"**

2.6. Wat is Richard se gunsteling kos? Noem een soort kos. 1

2.7. Watter sport speel Richard? 1

2.8. In watter graad is Richard? 1

2.9

| |
|---|
| “ **Hy kry dies straat en draai regs, bult op. Die huise word groter hoe verder hy stap. Hy dink aan Suzanne – ligte hare in ´n vlegsel, bril, netjies en vrek slim. Welgelegenstraat 105 is die laaste huis in die straat. En die grootste.** **Hy druk die klokkie en wag. Hy voel ongemaklik. Se nou haar ma maak oop?”** |

2.9.1 Hoe het Tiaan die huis gekry? 1

2.9.2 Hoekom staan hy hier voor Suzanne se huis? 1

2.9.3 Hoe lyk Suzanne  by die skool? Noem 2 dinge. 2

2.9.4 Hoe lyk sy nou na skool? Noem 2 dinge. 2

**[25]**

**TOTAAL Vraag 2: [45 Punte]**



**VRAAG 3 : VALENTYNSDAG**

**3.1.** Gebruik **3** van die 4 woorde uit die blokkie om die paragraaf hieronder te voltooi.

Kies die KORREKTE woord en skryf net (only) die nommer en die korrekte antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **liefdevol** | **skool** | **pouse** | **meisies** |



Na 3.1.1. kom Kheta en sy maats die kamer binne.  Hy hoor ‘n klomp  _3.1.2. agter hom giggel. “Wat gaan aan, waarom lag almal vir my?” vra hy.“ Omdat jy so oulik is,” sê Mara en staar hom 3.1.3. aan.  Mara is lelik. Skreeulelik. “Waarvan praat jy?” grom Kheta.” Wat gaan aan met jou?” “Niks, Kheta.   Baie dankie vir my pragtige kaartjie” sê Mara soet. 3

3.1.4 Lees die teks weer. Soek en haal `n voorbeeld van intensiewe vorm aan. 1

**3.2. Pas die sinne in KOLOM B by die name in KOLOM A.**

**Kies elke keer die KORREKTE antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.**

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 3.2.1. Mara | A. Maak ‘n kaart vir Lethu |
| 3.2.2. Lethu | B. Is Phumi se broer |
| 3.2.3. Phumi | C. Kry ‘n kaart van Kheta |
| 3.2.4. Kheta | D. Het kuitjies in die wange |
| | E. Is Phumi se suster |
| | |

4

**3**.3 Wanneer is Valentynsdag? Gee die datum (dag en maand). 1

3.4 Watter kleur karton gebruik Phumi vir haar Valentynsdagkaartjie? 1

3.5 Hoe lyk die persoon vir wie Phumi die kaartjie maak? Noem 2 dinge. 2

**3.6**

**„Lethu maak sy lessenaar oop en sien die pienk kaartjie. Daar is `n dosie sjokolade daar bo. Phumi is geskok- SY het nie die sjokolade daar gesit nie! Terwyl niemand kyk nie, haal Lethu `n sjokolade uit en neem `n GROOT hap.**

Sies! SKREE HY…

3.6.1 Wie is die onderwyseres in Phumi se klas? 1

3.6.2 Watter twee dinge vind Lethu in sy bank? 2

3.6.3 Hoekom skree hy so, nadat hy die sjokolade eet? 1

3.6.4 Wie dink jy het die sjokolade daar in die bank geplaas? 1

**3.7 Dit was regte sjokolade.**

3.7.1 Stem jy saam met die stelling? JA of NEE? 1

3.7.2 Gee ´n rede vir jou antwoord. 1

**3.8 „Waarvan praat jy?“ grom Kheta. „Wat gaan aan met jou?”**
**“ Niks Kheta. Baie dankie vir my pragtige kaartjie,“ se Mara soet. Sy hou ´n groot kaartjie in die lug op.**
**„W-wat?“ hyg Kheta terwyl sy klasmaats almal uitbars van die lag. „Ek het dit nie vir jou gegee nie!“**

**3.8.1 Hoekom lag die Kheta se klasmaats almal vir hom?** **1**

**3.8.2 Wie dink die kinders, het die kaartjie vir Mara gegee?** **1**

**3.8.3 Wie het eintlik die kaartjie in Mara se bank gesit?** **1**

**3.8.4 Hoe lyk die kaartjie?** **1**

**3.9 Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die letter neer.**

***3.9.1. Kheta ___________ Phumi in die motor op pad skool toe.*** **1**

*A. vra*

*B. kyk vir*

*C. terg*

*D. slaan*

***3.9.1. Kheta het ´n ___________geleer.*** **1**

*A. woord*

*B. kaart*

*C.modder*

*D. les*

**[25]**

**TOTAAL VRAAG 3: [25 Punte]**

**GROOTTOTAAL VIR AFDELING A+B= 70 Punte**